

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

HY WAT DIE ANTIMESSIAS TEËHOU

*Maar ons vra julle, broers, met die oog op die wederkoms van ons Meester, Yahshua die Messias en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie – deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees – asof die dag van die Messias al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die vernietiging die teëstander wat hom verhef bo al wat Elohiem genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van Elohiem as Elohiem sal sit en voorgee dat hy Elohiem is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet **wat hom teëhou**, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die wetteloosheid is al aan die werk, net totdat **hy wat nou teëhou**, uit die weg geruim is; en dan sal die wettelose geopenbaar word, hy wat die Meester met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerlei kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerlei verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.*

2 Thessalonisense 2:1 tot 10 (Woord en Getuienis)

Die doel van hierdie skrywe is **nie** om die wegraping, of die verskillende sieninge oor die wegraping, te bespreek nie, maar om die betekenis van 2 Thess. 2:6 tot 10 te ondersoek veral met verwysing na die Antimessias en ten opsigte van wat Paulus skryf, naamlik: *julle weet **wat hom teëhou**, asook net totdat **hy wat nou teëhou**, uit die weg geruim is.*

Almal is eenstemmig dat die Antimessias slegs openbaar gemaak sal word wanneer hy, of dit, wat hom teëhou uit die weggeruim word. Die vraag is dus: Wie (wat) verhinder die verskyning van die Antimessias en wie (wat) moet eers uit die weg geruim word voordat hy geopenbaar sal word?

Voorstanders van die wegraping voor die Groot Verdrukking gebruik ondermeer bogenoemde Skrifgedeelte (2 Thess. 2:6 tot 10) as bewys van hulle geloofstandpunt, naamlik dat die Antimessias slegs openbaar gemaak sal word wanneer hy wat hom teëhou uit die weg geruim word. Hiervolgens word die kerk beskou as die een wat die Antimessias teëhou. Wanneer die kerk skielik weggeneem (weggeraap) word, is daar niks wat die Antimessias meer teëhou nie en sal hy dus geopenbaar word.

Ongeag die standpunt oor die wegraping is dit volgens 2 Thess. 2:6 tot 10 duidelik dat daar een is wat die verskyning van die Antimessias teëhou en eers uit die weggeruim moet word voor hy geopenbaar word. Die vraag is dus wie is hy wat die verskyning van die Antimessias teëhou? Wat is die uitstaande kenmerk(e) van die een wat hom teëhou, veral gesien in die lig van hierdie teksverse? Indien ons die meerderheidsiening aanvaar dat dit die kerk is, dan moet ons 'n definisie kan gee van wie die kerk is, asook van die uitstaande kenmerk van die kerk. Die term *kerk* is egter 'n wye begrip met verskillende betekenis en ons moet eers hieroor duidelikheid kry.

Ware Gelowiges

Eerstens moet ons verstaan dat die woord *kerk* nie in die oorspronklike Skrifte (Bybel) voorkom nie. Die Griekse woord in die hernieuwe verbond wat ondermeer in teksverse soos Matt. 16:18, Hand. 2:47 en vele ander teksverse gebruik word, en in sommige vertalings as *kerk* vertaal word, is *ekklesia* en beteken: *gemeente, vergadering, byeenkoms en uitgeroepes*. Hierdie woord het 'n soortgelyke betekenis as die Hebreeuse woord *qahal* wat ondermeer in Ex. 12:3 en Num. 20:6 gebruik word. Die konsep van "kerk" is dus nie nuwe testamenties nie, maar wel 'n voortsetting van die vergadering (gemeente, uitgeroepes) van die ou verbond.

Toe Yeshua Messias in Matt. 16:18 aan Petrus gesê het: *op hierdie rots sal Ek my gemeente bou*, het Hy nie verwys na die beplande stigting van 'n nuwe testamentiese kerk waarvan Petrus die hoof sou wees nie. Nee, die gelowiges sou steeds as *die vergadering (uitgeroepes) van Israel* beskou word, maar nou met Yeshua Messias as Ewige Hoëpriester. Die gemeente (vergadering, "kerk") van Handelingte was nie die begin van die "kerktydperk" nie, maar die voortsetting van 'n Torah-gebaseerde geloof in Yeshua as die Messias wat gekom het. Hulle het egter nie hulle Hebreeuse wortels versaak nie. Die hoofsaaklike verskil tussen die vergadering (gemeente) van die ou- en nuwe (hernieuwe) verbond is dat die ou verbond heengewys het na die koms van Yeshua en dat die hernieuwe verbond die bevestiging van Yeshua as Messias se koms is.

In die verband moet ons die woorde van Yeshua onthou:

Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig - Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses geglo het,

sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo? Joh. 5:45 tot 47

Moses het in die Torah (die wet) van Yeshua die Messias geskrywe en daarom is Torah 'n heenwysing na Yeshua en YHVH se verlossingsplan deur Yeshua. Bevestiging hiervan vind ons ook in Yeshua se gesprek met die Emmaüsgangers:

*En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê **in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.*** Luk. 24:27.

Ons lees ook in Joh. 1:46 die volgende:

*Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: **Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.***

Yeshua Messias is dus te vinde in die woorde van die wet (die Torah) en die profete, asook in die ander Skrifte van die Tanak (ou testament).

Die wet is die onderrig en instruksies van YHVH, naamlik Sy Torah. Die Torah is die Woord van YHVH en is Yeshua Messias wat reeds van die begin af by YHVH was (Joh. 1:1) en wat vlees geword het en onder ons kom woon het (Joh. 1:14). Die Skrifte van die Tanak, naamlik die wet (die Torah), die profete en die geskryfte (Psalms, Spreuke, ens.) bevat dus die belofte van die Messias en van YHVH se verlossingsplan, terwyl die nuwe testament die vervulling van hierdie beloftes is.

Elke faset van die Torah (die wet wat ook Moses genoem word) is 'n heenwysing na Yeshua Messias en van YHVH se verlossingsplan. Yeshua en YHVH se Torah is dus onlosmaakbaar met mekaar verbind – dit vorm 'n eenheid en is onveranderlik. Yeshua is Torah en Torah is Yeshua!

Die ware gelowiges (die "kerk") is dus diegene wat deur geloof in Yeshua as Messias regverdig verklaar is en as geregverdigde volgens Torah leef. YHVH se volgorde is: Eers geloof tot redding wat gevolg word deur gehoorsaamheid aan die onderrig en instruksies (die Torah) van YHVH wat Sy seëninge is. **Geloof het nie die wet tot niet verklaar nie (Rom. 3:31)!!**

Hy Wat Nou Teëhou

Met bogenoemde in gedagte kan ons nou kyk na Paulus se tweede brief aan die Thessalonicense waarin hy hulle herinner dat die wederkoms van Messias voorafgegaan sal word deur geloofsversaking (afvalligheid) alvorens die Antimessias geopenbaar sal word. Paulus beskryf die Antimessias as *die mens van sonde, die seun van die vernietiging, die teëstander **en die wettelose***, asook as iemand wat homself sal verhef bo al wat Elohiem

genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van Elohiem as Elohiem sal sit en voorgee dat hy Elohiem is.

Ons moet onthou en verstaan dat volgens 1 Joh. 3:4 sonde as wetteloosheid beskryf word.

Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

Die *King James* vertaling stel dit soveel duideliker, naamlik: *Whosoever committeth sin transgresseth also the law: for sin is the transgression of the law.* Sonde is dus die oortreding van YHVVH se wet, naamlik van Sy Torah.

Paulus beskryf die Antimessias as die mens van sonde en die wettelose. Dit beteken dat die Antimessias ook anti-Torah sal wees, naamlik die teëstander van Torah. Hy sal die onderrig en instruksies (die wet) as uitgedien beskou en verkondig dat die mens daarvan bevry is. Hy sal YHVVH se wet doelbewus oortree. Die Complete Jewish Bible stel dit soos volg:

*For the day will not come until after the apostasy has come and the man who **seperates himself from Torah** has been revealed, the one destined for doom.*

Die Antimessias sal 'n **gees van ongehoorsaamheid hê** (Ef. 2:2) en dit is na hierdie gees wat Daniël verwys:

*En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer **om tye (Feestye van YHVVH) en wet (Torah) te verander**, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.*
Dan. 7:25.

Paulus herinner die Thessalonicense egter aan wie die Antimessias teëhou sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word, asook daaraan dat die wetteloosheid (ongeregtigheid, oortreding van die wet, die verwydering van die wet) reeds in die geheim aan die werk is totdat hy wat nou teëhou uit die weg geruim is (vers 6 en 7).

Let wel: Paulus skryf dat die wetteloosheid, naamlik die Torahloosheid, reeds op 'n heimlike (slinkse, geheimsinnige) wyse aan die werk is. In die Complete Jewish Bible word verse 6 en 7 soos volg vertaal:

And now you know what is restraining, so that he may be revealed in his own time. For already this separating from Torah is at work secretly, but it will be secretly only until he who is restraining is out of the way.

Wat is hierdie verwydering van Torah (anti-Torah) wat reeds heimlik aan die werk is? Wie is besig om gelowiges van Torah te skei en verwydering tussen

Torah en die mens op slinkse wyse te bewerkstellig? Dit is diegene wat verkondig dat gelowiges vry van die wet is!! Hulle wat sê dat die Shabbat opgehef is en die feestye van YHVH as ou testamenties afmaak en dat elkeen kan eet wat hy wil; dit is hulle wat wetteloosheid, naamlik "Torahloosheid" (sonde) goedpraat. Dit is die "kerk" wat hieraan skuldig is. **Hierdie is nie diegene wat die Antimessias teëhou nie!!** Nee, dit is juis hulle wat hom sal verwelkom omrede hy dit sal verkondig wat hulle glo, naamlik dat YHVH se wet opgehef is en dat hulle daarom vry van die wet is!!

Wie is dan die wat die Antimessias teëhou? Dit is hulle wat Torah-getrou leef!!! Elkeen wat glo dat Yeshua **nie** gekom het om die wet op te hef **nie**, maar gekom het om die wet te bevestig en volmaak te maak (Matt.5:17), het deel daaraan om die Antimessias teë te hou. Hulle wat glo dat geloof in Yeshua nie die wet (Torah) opgehef het nie, maar dit wel bevestig het (Rom. 3:31); hulle staan in die pad van die Antimessias. **Alleenlik wanneer hulle uit die weg geruim is, naamlik hulle wat YHVH se Torah liefhet en dit gehoorsaam; alleenlik dan sal hy wat die vergestalte (verspersoonliking) van die verwydering van Torah is, geopenbaar word!!**

Then the one who embodies separation from Torah will be revealed, the one whom the Lord Yeshua will slay with the breath of his mouth and destroy by the glory of his coming. 1 Thess. 2:8 (The Complete Jewish Bible)

Yeshua Messias is die lewende Torah (1 Joh. 1:1 en 14) en die Antimessias sal die teenstander van Torah wees en sal dit wil vernietig. Hy sal oor die krag van die dwaling beskik en die mense mislei deur dat hulle die leuen sal glo dat hulle vry van YHVH se wet, naamlik van YHVH se Torah is. Miljoene is reeds mislei, want miljoene Christene glo reeds dat die wet opgehef is!!!

Daarom sal die "kerk", naamlik diegene wat glo dat hulle vry van Torah (die wet) is, mislei word om te glo dat die Antimessias die ware Messias is. Hulle sal mislei word omrede die Antimessias dit sal verkondig wat hulle glo, naamlik vryheid van Torah (die wet). Die vals evangelie van die Antimessias sal gepaardgaan met tekens en wonders, maar hy sal deur 'n gees van ongehoorsaamheid aan Torah gekenmerk word.

Net soos die meerderheid Jode en Skrifgeleerdes nie die Messias met Sy eerste koms herken het nie, so sal die meerderheid van die "kerk" en kerkleiers nie die vals messias van die ware Messias kan onderskei nie. Die wortel van hierdie misleiding en blindheid is dieselfde, naamlik dat beide groepe (Jode en "kerk") tot Torah toegevoeg en weggeneem het tot so 'n mate dat Yeshua Messias vir hulle "onsigbaar" geword het. Waar die Jode hoofsaaklik tot Torah toegevoeg het, het die "kerk" hoofsaaklik van Torah weggeneem. Mensgemaakte wette en tradisies skep 'n godsdienstige sisteem wat geestelike blindheid tot gevolg het.

Onderskeiding

Hoe sal jy en ek weet wie die Antimessias is? Het jy jouself al die vraag gevra? Onthou dat *Antimessias* beteken nie dat daardie persoon openlik die ware Messias gaan verwerp nie, maar dat hy uiteindelik wel gaan verklaar dat hy die Messias is. Hy gaan op 'n subtile en slinkse wyse die ware Messias teëstaan. Hy gaan mense mislei deur dat hulle gaan glo dat hy die Messias is.

Die uitstaande kenmerk van die Antimessias is dus dat hy anti-Torah sal wees. Hy sal 'n teenstander van Torah wees en 'n voorstander van vry van Torah, naamlik vry van die wet wees. Hy sal afwyk van YHVH se onderrig en instruksies en sal die gesag van die ware Wetgewer (Jak. 4:12) ondermyn. Dit is hoe ons die Antimessias – die wettelose een – sal herken!

Laat ons die woorde van Moses onthou toe hy geskryf het:

*As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: **Laat ons agter ander gode aan loop** - wat jy nie geken het nie - en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want YHVH julle God beproef julle om te weet of julle werklik YHVH julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet YHVH julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, **want hy het afval verkondig van YHVH julle God** wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, **deur jou af te drywe van die weg wat YHVH jou God jou beveel het om daarop te wandel**. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.*

Deut. 13:1 tot 5

Diegene wat YHVH se Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies verwerp, dien ander gode en volg nie die weg wat YHVH ons beveel het nie. Persone wat hierdie vals evangelie verkondig, verkondig afval van die weg wat YHVH ons beveel het om daarop te wandel. Daar mag wel tekens en wonders plaasvind, maar onderliggend (verskuil) is die gees van die Antimessias wat Torah teenstaan.

Wie word weggeraap?

Diegene wat 'n getuienis van Yeshua Messias as persoonlike Verlosser het en wat Torah-gehoorsaam leef, sal wel weggeraap word. Dit is egter hulle, naamlik diegene in die "kerk" wat glo dat hulle vry van die wet is, **wat nie weggeraap sal word nie!!**

Dit is juis die "kerk", naamlik diegene wat hulleself as Christene beskou, maar wat die Torah verwerp en as uitgedien beskou, wat die pad voorberei vir die Antimessias om geopenbaar te word.

En daarom sal YHVH hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid. 2 Thess. 2:11 en 12

Ons moet nooit die woorde van Yeshua soos vir ons opgeteken is in Matt. 7:21 tot 23 vergeet nie:

Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedryf en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid (Torahloosheid) bedryf!

Geloof in Yeshua as Messias moet opgevolg word deur gehoorsaamheid aan die Vader se onderrig en instruksies, naamlik aan Torah. Eers geloof en dan gehoorsaamheid.

Ons moet onthou dat die doel van YHVH se reddende genade is om **ons ook te leer** hoe om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en toegewyd in die teenwoordige wêreld te lewe. Vader YHVH se genade het as Yeshua Messias verskyn om ons vry te maak van ons sondeskuld, ons met Hom te versoen en om **ons te leer** hoe om as 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde (heilige; set-apart) volk volgens Torah te lewe (Titus 2:11 tot 14). Dit is Vader se wil vir elkeen!

Opsommend

Die wat Torah-getrou leef is diegene wat die Antimessias teëhou en die wat Torah verwerp is diegene wat die weg voorberei vir die Antimessias. Die Torah-gehoorsame gelowiges moet eers uit die weg geruim word alvorens die Antimessias geopenbaar kan word. Torah-ongehoorsame gelowiges sal egter die toorn van YHVH se oordeel gedurende die groot verdrukking ervaar!!

Aan watter groep behoort jy? Glo jy in Yeshua as Messias en leef jy Torah-gehoorsam of glo jy in Yeshua, maar dat Hy jou vrygemaak het van die wet? Hou jy die Antimessias teë of maak jy sy pad weens jou wetteloosheid (Torah ongehoorsamheid) gelyk?

Daar is talle gelowiges wat glo dat hulle weggeraap gaan word, maar wat op grond van hulle Torahloosheid (wetteloosheid) agter gaan bly!!

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete,

Johan Kriel.

E-pos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

GBSept10(HersienApr12)